WEEK 3 | 22 JANUARIE | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 2

**Agterstalliges kan 50% af kry**

Die verbruiker moet 50% van die verskuldigde bedrag eenmalig betaal en daarna vir 12 maande die rekening op datum hou.

>>> BLADSY 6

**Pula gaan solo in grendeltyd**

Gister vlieg hy vir die eerste keer alleen en kan hy met trots sy "Eenstreep EPP" op sy skouer dra.

>>> BLADSY 7

**118de Herdenking**

Hy is naby Hooggelegen gefusilleer en is sy liggaam met 14 koeëls vergruis en met 'n swaard deurboor.



# GRONDPAAIE IS ONRYBAAR

Vrystaat Landbou is al vir lank, en daarmee bedoel ons 'n paar jaar al, in gesprek met Provinsiale Regering oor die toestand van grondpaaie en die instandhouding daarvan. La Niña het dit nou finaal onbegaanbaar gemaak. Boere is die afgelope week deur VL op WhatsApp groepe gevra om foto's te stuur van hoe die paaie in hul omgewing lyk en sommiges is werklik nou onrybaar. Buiten vir die gevaar daarvan, het die situasie so ontaard dat pensioenarisse en skoolkinders nie by dorpe kan uitkom nie, mobiele klinieke en ambulanse kan ook nie plase bereik om noodsaaklike en nooddienste te lewer nie. Taxi's weier ook om op dié paaie te ry. Boere het begin om kritieke paaie te herstel, maar gaan finansiële en materiële hulp nodig hê om 'n ramp af te weer. Padverteenwoordigers van Ngwathe vergader die 26ste Januarie op Heilbron met die privaat maatskappy, Proper Consulting, om die situasie te ondersoek en oplossings te kry.



# AGTERSTALLIGES KAN 50% AF KRY

Die beleid waarkragtens skuldverligting van 50% aan verbruikers van Ngwathe Munisipaliteit met agterstallige rekeninge voorwaardelik verleen word, is tans in volle gang. Die proses vereis van so 'n verbruiker om 50% van die verskuldigde bedrag eenmalig te betaal en om hom/haar te verbind om daarna sy/haar volle maandelikse verbruikersrekening voluit te betaal vir minstens die volgende 12 maande. Die munisipaliteit skryf dan die ander 50% af op voorwaarde dat die verbruikersrekening wel stiptelik ooreenkomstig die verbond betaal word. Gebeur dit nie en versuim die verbruiker om die ooreengekome betalings volledig te doen, verval die afskrywing en word die "afgeskryfde" bedrag weer by die rekening gevoeg.

Ngwathe moes volgens VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe 'n drastiese poging aanwend om verbruikers te oortuig om hul maandrekeninge stiptelik te betaal en het daarom op die amnestieproses besluit. Hy wys daarop dat die munisipaliteit vir Oktober 2020 byvoorbeeld slegs daarin kon slaag om 59% van die erfbelasting te vorder waarvoor rekeninge gelewer was. Vir dienste soos water, krag, (nie vooraf-betaalde krag nie), rioolgelde en vullisverwyderingsgelde, was die betaalkoers nog laer op 53%.

"Die munisipaliteit kan eenvoudig nie sy verpligtinge nakom indien verbruikers nie hul belasting en dienstegelde betaal nie" sê raadslid Van der Merwe. Weliswaar kla inwoners (en baie met goeie reg) oor swak dienslewering, maar min wil erken dat goeie dienslewering slegs moontlik is indien die munisipaliteit die inkomste ontvang waarop hy daarvoor staatmaak. Inwoners wat 'n groot bydrae tot die betalingswanbalans maak is diegene, en daar is baie van hulle, met voorafbetaalde kragvoorsiening wat slegs krag koop en geen ander dienste betaal nie. Dit is dan ook hierdie soort optrede wat die Raad genoop het om onlangs weer die 60/40 verdeling op die kragaankope van diegene met agterstallige diensterekeninge toe te pas. Die proses het byvoorbeeld vir Desember 2020 gesorg vir verhaling van ongeveer R 1 170 000,00 aan agterstallige diensteskuld – geld waarvoor die verbruikers wat wel gereeld en voluit betaal andersins sou moes instaan.

Volgens raadslid Van der Merwe is daar tans ook nog baie boere wat geensins hul erfbelasting betaal nie. Hier moet in gedagte gehou word dat 'n plaaseiendom, juis omdat min munisipale dienste aan sulke eiendomme gelewer word, reeds 'n algemene korting van 80% op belastingtariewe gegee word. Plaaseienaars kry tog wel in 'n mate ook diens vanaf die munisipaliteit in die sin dat hulle gebruik maak van dorpsgeriewe – byvoorbeeld strate, skole, kerke ens – sonder om daarvoor te betaal. Sou hulle byvoorbeeld tevrede wees om tolgeld te betaal indien tolhekke by dorpsingange opgerig sou word? Die dorpsgemeenskap en boerderygemeenskap is interafhanklik van mekaar – sou dit nie daarom die regte ding wees om te doen vir plaaseienaars om ook hulle bydrae te maak nie? "Ek wil 'n beroep doen op plaaseienaars om hul deel te doen om te help om die diensleweringsprobleme op te los. Maak gebruik van die amnestieproses om ou skuld deels afgeskryf te kry en begin om deur die belasting te betaal julle bydrae tot die omswaai van die huidige swak situasie te maak. Die geleentheid sal homself waarskynlik nie maklik weer voordoen nie en plaaseienaars kan verwag dat invorderingstappe na verstryking van die amnestie op strenger maat teen alle verbruikers met uitstaande rekeninge sal volg" sê raadslid Van der Merwe verder.

Grondeienaars moet in gedagte hou dat belasting eise eers na 30 jaar verjaar. Wanneer ookal 'n eiendom dus in die toekoms oorgedra sou word, hetsy as verkoping of erflating, sal tot 30 jaar se uitstaande erfbelasting heffings eers betaal moet word voor die eiendom oorgedra kan word. So moes 'n verkoper onlangs uitvind dat R90 000,00 se skuld op 'n plaaseiendom eers betaal moes word voordat oordrag kon geskied – 'n nare onverwagte gewaarwording.

## IMMUNISERINGS OPE-DAG

• Heilbron Kliniek

**OPE-DAE**

*** 27 Januarie 2021 * 10 Februarie 2021 * 23 Februarie 2021**

Alle ouers welkom om hul kinders se Immuniserings-rekord te laat kontroleer by die kliniek op bogenoemde datums om te verseker dat hulle al die nodige immuniserings ontvang het. Kontak Heilbron Kliniek vir enige navrae.

# GEBRUIK VAN NGWATHE SE AMNESTIEPROSES

Inwoners wat gebruik wil maak van die huidige amnestieproses en skuldverligtingsaanbod van die Ngwathe Munisipaliteit wat tans geld, kan skakel met Me Chrisna Els by die Heilbron kantore waar die aansoekvorms beskikbaar is en wie die proses in Heilbron behartig.

Aansoekvorms is ook beskikbaar by die kantore van VF Plus raadslid Phillip van der Merwe. Ingevolge die aanbod sal die munisipaliteit 50% van 'n verbruiker se uitstaande rekening voorwaardelik afskryf. Die voorwaardes verbonde is eerstens dat die verbruiker die ander verskuldigde 50% in 'n enkelbedrag betaal en hom tweedens dan verbind om sy totale maandelikse verbruikersrekening vir die volgende 12 maande elke maand stiptelik ten volle te betaal. Word enige van die voorwaardes egter verbreek, verval die afskrywing en word die afgeskryfde skuld weer by die rekening bygevoeg. Inwoners met uitstaande rekeninge word aangemoedig om van die amnestie gebruik te maak terwyl die geleentheid daar is.





Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Elsstraat 42 HEILBRON Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON
NOU OOK SATERDAE OOP
Vanaf: 08:30 - 12:00







# WEEK DRIE VAN 2021



## UIT DIE PEN

En daar gryp WhatsApp die appelkar en gooi dit om dat jy net appelstronke sien trek. Ek kan onthou hoedat ek gewonder het hoekom ek nuwe Ts&Cs van WhatsApp sou kry? Wel, ja, as dit beteken ek moet ’n deel van my privaatheid prysgee, dan kliek ons maar op die skakel en aanvaar die Ts&Cs. So het ek gedink.

Daarna bars die polemiek daaroor los, presies drie dae nadat ek toestemming aan WhatsApp gegee het. Gelukkig het ons ’n rekenaarfundi in die familie ek vra vir hom: “Moet ons kwaad wees vir WhatsApp?”

Jaco antwoord: “WhatsApp deel al jou inligting met Facebook vanaf 2016. As jy wou kwaad word, is jy vyf jaar te laat.”

Hy skryf verder: “Maar miskien kan jy dan as jy die Covid inenting het, direk jou WhatsApp boodskappe na jou brein toe laat stuur. Via WhatsApp en Facebook. Of wag, dink dis Bill Gates wat die COVID-19 inenting chips maak. So dalk net as jy ’n Microsoft rekening het.”

Ons altwee giggel lekker oor sy grappie, want dit is wat dit is: ’n grappie. Sommiges dink nie dis is snaaks nie, hulle glo dat iemand besig is om hulle te merk en dit word vergelyk met Openbaring se merk-van-die-dier. Maar bitter min mense lees verder as dit: God merk ook sy kinders, en geen ander merk kan my Godsmerk vervang nie. Dit daargelaat.

Net nadat die eerste berig daaroor in die gedrukte media verskyn het, het ’n omroeper op RSG te vertelle dat sy Telegram afgelaai het en dit nou gaan gebruik, want sy gaan nie toelaat dat WhatsApp haar kontakte met ander deel nie. En die luisteraars moet inbel om te sê watter platform hulle nou gaan gebruik. En Telegram is maklik om te gebruik. En bla-bla-bla. Want my brein sny gewoonlik uit wanneer hierdie spesifieke persoon haar onkunde voor die volk laat blyk.

Dit was nie 100 jaar nie, of dieselfde omroeper het ’n kenner se mening ingewin. Die kenner het verduidelik dat dit slegs besigheidsrekeninge is wie se details gedeel gaan word. Soos per die nuwe WhatsApp beleid.

Snaaks: ek het nog nooit gehoor dat die omroeper haar tirade teruggetrek het nie. Dalk het sy, maar dit sou sekerlik in een van my uitsny-oomblikke gewees het.

Die leraar by ons vorige gemeente stuur ’n boodskap op WhatsApp oor WhatsApp na die WhatsApp Kerkgroep. Hy paai almal en verduidelik wie gaan wat op welke manier met wie deel. Snaaks genoeg: nadat hy verduidelik het, het almal beter verstaan.

Intussen het WhatsApp aangekondig dat hulle die Ts&Cs gaan hersien.

Indien daar iemand is wat ’n werksnavraag aan my rig, kan ek gou die persoon Google, en nogal, met ’n paar klieks, redelik baie van die persoon uitvind. Dit is dus nie net WhatsApp wat details deel nie. Facebook, of enige ander sosiale mediaplatform kan tot op ’n sekere vlak, inligting oor jou bekombaar maak.

’n Paar maande gelede het ons President weereens gevra dat ons die selfoontoepassing wat met COVID-19 te doen het, aflaai. (Gits, ek weet nie eers meer wat die naam van die toepassing is nie, wys jou net.) Ek het dit nie gedoen nie, en ek gaan ook nie. Want, dink ek, die hele wêreld weet in elk geval waar om my te kry as iemand na my soek.

In Amerika (met of sonder Donald) verskyn elkeen wat dit buite sy huis waag gemiddeld 70 keer per dag op CCTV. Ek kon nie statistiek oor Suid-Afrika kry nie, maar ek weet dat ek elke dag by verskeie kameras verbyry op pad werk toe. Dit genoem: dit beteken nie dat almal elke dag presies weet waar jy is nie. Iemand moet fisies gaan kyk waar jy is of was. Dit gaan dit net makliker maak om jou op te spoor. (Dis die voordeel as jy oorgewig is: jy raak nie so gou weg nie.)

SARS weet presies waar ek bly, watter werk ek doen, wat ek verdien en het selfs toegang tot my bankrekening. As ek reg is, is dit die enigste instansie in Suid-Afrika wat outomaties magtiging het om geld uit my bankrekening te onttrek sonder my toestemming. Hoekom moet ek ’n toepassing aflaai sodat nog mense kan weet waar ek is? Dit is nie omdat ek dink dat Big Brother na my loer nie, net omdat ek hierdie keer kan kies wie vir my mag loer en wie nie.

Gister lees ek dat die regering oorweeg dat elke persoon wat ingeënt word, ’n “paspoort” moet saamdra om te kan bewys dat hy of sy ingeënt is. Oe, nee, gonna, jinne, nee, dit is nou net weer ’n manier hoedat die regering ons wil monitor en ons dwing om ingeënt te word.

Volgens inligting wat ek so pas vanaf die webwerf www.passporthealthusa.com verkry het, moet jy bewys van geelkoorsinspuiting as jy die volgende lande besoek: Angola, Benin, Burkina Faso, Burundi, Kameroen, Sentrale Afrikaanse Republiek, Tsjaad, Kongo, Ivoorkus, DRK, Ekwatoriaal Guinee, Ethiopië, Gaboen, Gambië, Ghana, Guinee-Bissau, Kenia, Liberië, Mali, Mauritanië, Niger, Nigerië, Senegal, Sierra Leone, Soedan, Suid-Soedan, Togo, Uganda, Argentinië, Bolivië, Brasilië, Colombië, Ecuador, Frans Guiana, Panama, Paraguay, Peru, Suriname, Trinidad en Tobago en Venezuela. Dus is die paspoort-inenting glad nie ’n nuwe idee nie.

Uiteindelik is die inenting jou eie keuse. So ook of jy gaan aanhou met WhatsApp en of jy van ’n ander platform gaan gebruik maak. Onthou net: jou kontak moet van dieselfde platform gebruik maak, anders kan julle nie kommunikeer nie.

“Hulle” weet in elk geval van jou. “Hulle” weet wat jy doen en waar jy was. “Hulle” weet of jy dalk onwetend iemand met ’n aansteeklike siekte gaan besmet.


My boet stuur die ander dag vir my ’n WhatsApp (jip, ek bly by hulle, want dit werk vir my): Don’t be worried about your smartphone and TV spying on you. Your vacuum cleaner has been gathering dirt on you for years.

Wel, dit óf jou stofsuier óf Bill Gates.

Ek giggel vir altwee.

# COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Daar is op 15 Januarie 2021 aangekondig dat skole nou eers die 15de Februarie heropen vir leerders. Opvoeders moet reeds 1 Februarie by die skole wees en die skoolbestuur begin hul werksaamhede op 25 Januarie 2021. Die COVID-19 getalle het teen druktyd aangedui dat daar 1 369 426 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is waarvan 38 854 mense reeds gesterf het van die virus. Die jongste nuus deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 19 Januarie 2021 en dui aan dat Ngwathe 2090 bevestigde gevalle het waarvan Heilbron tans op 675 staan. Heilbron Herald het laas week berig oor die jongste getalle soos ontvang op 13 Januarie en sedertdien is daar 55 nuwe gevalle in Heilbron.






# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE**

In die boedel van wyle **SOPHIA MARIA VAN COLLER,** Identiteitsnommer 500803 0082 083 wie oorlede is op 13 Junie 2020, ongetroud en woonagtig was te WALKERSTRAAT 9, REITZ, **boedelnommer 003583/2020**.
Aan alle persone wat vordering het teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die ondergetekende adres inlewer.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**E-Pos: christievanwyk1@telkomsa.net**

**NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS**

In die estate of the **LATE JAN HENDRIK DUVENHAGE,** Identity Number: 671127 5020 085, in life unmarried, residing at 1 Spoorweg Street, Koppies, district Koppies, Province Free State, who died on 17 April 2020.
**ESTATE NUMBER: 2640/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 14th January 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

**NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION**

In die estate of the **LATE SAMUEL MOLAKENG,** Identity Number: 500526 5230 080, in life married in community of property with **MALETLOTLO LETTIA MOLAKENG** residing at 1040 Lennon Street, Phiritona, district Heilbron, 9650, Province Free State, **ESTATE NUMBER: 4452/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION**

In die estate of the **LATE RAMATHETSO PAULUS KHIBA,** Identity Number: 541107 5508 089, in life widowed, residing at Erf 1439 Phiritona district Heilbron Province Free State, **ESTATE NUMBER: 4981/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
*Hannalie Claassen 079 040 0531*

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




**BLOEDSKENK DATUMS**

26 Januarie 2021,
23 Maart 2021,
25 Mei 2021,
27 Julie 2021,
28 September 2021,
23 November 2021
**Also donate blood in Phiritona this coming Monday on 11 January 2021**
**Relebohile Clinic – Boardroom**
**13:00 – 18:00**

**BIBLIOTEEK OOP**

***Piercestraat 66 • Heilbron***
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

# DIENSTE

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**





Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**






**POSTNET HEILBRON**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
***Elsstraat 42 HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# TE KOOP

**DENNEHOUT PLANKE**
Groot hoeveelheid beskikbaar. Alle breedtes en lengtes. Ideaal vir die toemaak van palissades.
***Skakel 079 364 4098 of 082 493 8013***

**YORKIES TE KOOP**
Pragtige Yorkies te koop.
6 Weke oud, beskikbaar.
***Skakel***
***072 279 7743***
***K0738***

**TE KOOP**
Boer windhondjies te koop. Ingeënt & ontwurm.
R 2 000 elk.
***Skakel***
***083 271 8862 of 060 708 3804***
***K0739***

**OPREGTE LABRADOR HONDJIES TE KOOP**
Opregte sjokoladebruin Labrador hondjies - 6 reuntjies en 1 tefie.
Beskikbaar vanaf 12 Maart 2021.
Beide ouers is KUSA geregistreerd, bruin van kleur, met goeie geaardhede en geen gedragstekortkominge nie.
Goeie bloedlyne. Heup- en elmboog graderings van hulle word voorsien.
Die klein hondjies word geregistreer met vereiste micro chip-inplanting en ingeënt en ontwurm op 2.4 en 6 weke.
Prys afhangende van addisionele kostes ± R8 000 stuk.
Vir meer inligting en foto’s kontak:
**E-Pos: ruimtes12@gmail.com**
**WhatsApp: 082 440 4289**
*K*



# EERS KLEUTERSKOOL EN TOE KANSEL

Twee oud-Heilbronners het onlangs die knoop deurgehaak nadat hulle paaie vir lank geskei was en 'n herontmoeting die liefdes-vlammetjie laat brand het. Pin-Fei Huang en Nelanda Brönn was saam in Kleuterkasteel op Heilbron en ook hier op laerskool. Met Clover se hoofkantoor wat Roodepoort toe geskuif het, het Nelanda saam met haar ouers, Pieter en Manda, verhuis.

Hulle paaie het jare daarna weer gekruis nadat Pin-Fei haar saam-genooi het as sy metgesel na Simon en Marike Germishuys se troue in Jeffreysbaai. Dit is waar Nelanda se ouers woon, en nou is die twee mnr. en mev. Huang. Pinnie, soos almal vir Pin-Fei hier rond noem, is die seun van Jenny en oorlede Ewie Huang wat Heilbron Nissan besit het. Die troue moes ook 'n slag of wat uitgestel word as gevolg van die Covid pandemie. Hulle is in Jeffreysbaai getroud. Die paartjie gaan hulle in Johannesburg vestig waar Pin-Fei as prokureur praktiseer en Nelanda 'n spraakterapeut is.



*Op die foto vl: Jenny Huang, Pin-Fei en Nelanda en Manda en Pieter Brönn.*






# PULA GAAN SOLO IN GRENDELTYD

Die eerste solo vlug is verseker in elke vlieënier se geheue vasgebrand.

Pula Fox het in 2020 met sy opleiding begin om 'n privaat vlieënierslisensie te bekom en moes vir 'n rukkie halt roep toe vlak 5 grendeltyd afgekondig is. Hy kon weer met sy opleiding by Central Flying Academy te Rand Lughawe voortgaan nadat die lugweë in vlak 3 oopgestel is. Gister is hy vir die eerste keer alleen sonder die instrukteur langs hom die lug in, en kan hy met trots sy “Eenstreep Epp” op sy skouer dra, en dit gedoen het tydens een van die wêreld se grootste pandemies. Ruan, wat eintlik Pula se regte naam is, spog al met sowat 15 vliegure en is nog besig om sy laaste paar vakke te voltooi waarna hy dan sy privaat vlieglisensie kry. Hy was 2019 Hoërskool Heilbron se hoofseun.










# SMALLS

**NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION**

In die estate of the **LATE MAPONDINYANA ELIZABETH KHIBA,** Identity Number: 530527 0658 089, in life married in community of property with **RAMATHETSO PAULUS KHIBA,** residing at Erf 1439 Phiritona district Heilbron Province Free State, **ESTATE NUMBER: 4984/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**SKENK BLOED IN HEILBRON**
**Dinsdag 26 Januarie 2021**
**NG Suid Kerksaal**
**13:00 tot 18:00**
**Elke bloedskenker sal 'n geskenk van waardering ontvang.**
**Skenk bloed.**
**Jou bloed red lewens.**

**WINKELURE**
**Maandae - Donderdae** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

# KENNISGEWINGS

**NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION**

In die Insolvent Estate of the **LATE NARINA HORN,** Identity Number: 551216 0019 088, in life unmarried, residing at 18 Botha Street, Petrus Steyn, district Petrus Steyn Province Free State, **ESTATE NUMBER: 672/2017.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Petrus Steyn Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**FORM JJJ**
**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER NO. T22448/2009 passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of MELITA MOFOKENG in respect of certain
ERF 4707 PHIRITONA (EXTENSION 6) DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 310 (Three Hundred and Ten) Square metres which has been lost or destroyed.
All interested presons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 14th day of January 2021.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 KERK STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

# DIE RUS INGEGAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Emma Hadebe,** oorlede op 9 Januarie 2021 in die ouderdom van 83. Die diens het plaasgevind op 16 Januarie 2021 en sy is in die Plaasbegraafplaas in Heilbron begrawe. Sy laat na haar familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Jacob Mokoena,** oorlede op 16 Januarie 2021 in die ouderdom van 72. Die diens sal plaasvind op 23 Januarie 2021 en hy is in die White City begraafplaas begrawe in Heilbron. Hy laat na sy familie en vriende.



† In liefdevolle herinnering aan **Helena Naude,** beter bekend as Ena, oorlede op 15 Januarie 2021 in die ouderdom van 71. Die diens het plaasgevind op 20 Januarie 2021 en sy is in die Dorpsbegraafplaas in Heilbron begrawe. Sy laat na haar familie en vriende.

# 118DE HERDENKING

Dit is vanjaar die 118de herdenking van CJ Steyn se dood tydens die ABO en die FAK bring eerskomende Saterdag in die Tweeling-distrik hulde aan hom. Hy was 'n agterkleinneef van pres. MT Steyn en het in die Heilbron-distrik gebly waar sy vader, DW Steyn, die veldkornet van die Tweeling-omgewing was. Die Engelse het hom en 4 ander boere rondom die 16de Januarie 1902 gevang. Hy was vir drie dae vasgebind aan 'n wa waartydens 'n verhoor plaasgevind het en hy skuldig bevind is aan moord as gevolg van die baadjie wat hy gedra het. Die baadjie, wat hy geruil het vir sy eie ongemaklike swaar jas, het aan 'n Engelse offisier behoort wat by 'n ander veldslag met 'n piksteel doodgeslaan is. Hy het egter net een getuie gehad wat kon bevestig dat Cornelis nie by daardie veldslag betrokke was nie, maar wat nie wou getuig nie uit vrees vir die Engelse. Hy is naby Hooggelegen gefusilleer en het geweier om 'n blinddoek te dra omdat hy onskuldig is. Sy liggaam was deur 14 koeëls vergruis, maar 'n offisier se swaard wat dwarsdeur sy lyf gesteek is, was die oorsaak van sy dood. Cornelis is op 20 jarige ouderdom op die 21ste Januarie 1902 vermoor en op 23 Januarie 1902 in Frankfort, op sy moeder se verjaardag, deur sy ouers herbegrawe. Die Vrede van Vereniging het eers vier maande later plaasgevind op 31 Mei. Nie net die FAK bring hulde aan hierdie dapper seun nie, maar die ABO-oorlogsmuseum in Bloemfontein hou ook 'n uitstalling die hele Februarie met die artefakte van CJ Steyn. Enige belangstellendes is welkom om die kranslegging en herdenking by die monument wat ter ere aan CJ Steyn in Tweeling opgerig is, by te woon en kan Jan-Danie Malan kontak by 082 965 7002. Heilbron Herald sal volgende week berig oor die afloop en gebeure van die dag.



# THE MOST COMMON TYPE OF CANCER

• *Heilbron Clinic*

Skin cancer is the most common type of cancer. Most skin cancer is caused by sun damage and occurs on the face, neck, and arms where the sun exposure is the greatest. Light skinned, blue-eyed people are more likely to develop skin cancer. Dark skinned people have less risk.

Most skin cancers are non-melanoma skin cancer, which includes basal cell and squamous cell carcinoma.

Non-melanoma skin cancer is rarely life-threatening. Melanoma is a more serious type of skin cancer, it may affect only the skin, or it may spread (metastasis) to the other organs and bones. Melanoma can be life threatening.

Skin cancers differ from noncancerous growths in the following ways:

- They tend to bleed more than noncancerous growths do and are often open sores that do not heal.
- They tend to be slow-growing. However, melanoma may appear suddenly and grow quickly.

**Prevention:**

Most skin cancers can be prevented by avoiding excessive exposure to the sun (including sunlamps). Most damaging sun exposure has occurred by age 20, so keep your children protected. Repeated sun exposure and severe sunburns are major factors in some types of skin cancer.

When to call a Health professional:

Call your doctor if you notice any unusual skin changes or growths, especially if they bleed and continue to change. If your moles do not change over time, there is little cause for concern. If you have a family history of malignant melanoma, let your doctor know because you may be at higher risk.

HERALD

# PIENKBAL SPEEL TOE LEKKER

Pienkbal klink nie lekker in gholf-terme nie, maar spelers wat Saterdag in die Pienkbal-kompetisie gespeel het, sê hulle het dit geniet. Elkeen in 'n vierbal het 'n beurt gekry om met die pienk bal te speel en as jy hom weg slaan, is dit ook die einde jou vierhand. Johan Weilbach se span, ons noem hom maar die kaptein omdat hy die oudste is, het die beste gevaar, met 108 punte.

"Brieke", die klub se tesourier, huil oor die ledegelde wat nog uitstaande is en vra dat die lede so spoedig moontlik hulle gelde betaal. Lede wat ná 28 Februarie nog nie by betaal uitgekom het nie, gaan besoekersfooi moet betaal en ook op die voorgee-sisteem geblok word.

Die liga skop vanjaar op 30 Januarie af. Spelers wat wil liga speel het net tot Maandag tyd om aan te dui of hulle wil speel, dan sal die liga kaptein ook aangewys word.

Môre se kompetisie is IPS en sal daar 'n paar waardevolle kommoditeite op die spel wees vir pryse.

Dit lyk of "Miss Piggy" ook nie Covid oorleef het nie, want daar is soet-en-suur vark, bedien met rys, op die spyskaart vir halfweg. Spel begin om 11:00.




*Saterdag se Pienkbal wenners vl: Vian Leeb, Jannie van der Merwe, Shaun Whittal en Johan Weilbach.*

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.**

# ONS GROET

Piet en Mari Habig van die plaas Grootkraal op die S281 het verhuis na Anerley naby Port Shepstone aan die Suidkus.

Ons wil net baie dankie sê vir julle vriendelikheid, ondersteuning en liefde. Baie dankie vir die voorreg om sulke wonderlike mense te kon ken en vir die verskil wat julle in ons lewens gemaak het. Ons het nog kinders op Heilbron en sal nog steeds kom kuier. Baie seën en voorspoed vir julle. Onthou GOD bly op die troon. *- Piet & Mari Habig*













## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 25 JANUARIE 2021**

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**DINSDAG - 26 JANUARIE 2021**

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

VREDE: ARUNDEL BOERDERY
4 DE PRODUKSIEVEILING
600 Bonsmara/Bovelder beeste &
1050 Dohnes
11:00, Arundel, Vrede
Kontak Gert Burger 082 822 1952

**WOENSDAG - 27 JANUARIE 2021**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Sakkie van Rensburg 082 562 0937

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

**DONDERDAG - 28 JANUARIE 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 29 JANUARIE 2021**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**